DIE UITLEWING VAN ONS DISSIPELSKAP INGEVOLGE DIE OPDRAG VAN MATTHÉÜS 28:19

DIE OPDRAG: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die NAAM van die VADER, en die SEUN en die HEILIGE GEES, en leer hulle om alles te onderhou wat EK julle bevel het."

Ek wil slegs 'n gedeelte van hierdie opdrag onder bespreking neem, nl. "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies.....". Oor hierdie gedeelte bestaan daar verskeie interpretasies in ons volksgeledere. Ek aanvaar dat die res van die opdrag deel maak van die Evangelie wat verkondig moet word.

A) KONSEKWENDHEID EN BETEKENIS VAN NUWE TESTAMENTIESE UITSPRAKE EN OPTREDES:

Is Nuwe Testamentiese uitsprake en gebeurtenisse losstaande? Is dit oop vir vrye interpretasie of is dit gesinkroniseerd? Kan die Nuwe Testament enigsins Skrifgetrou geïnterpreteer word sonder die toeligting van die profete?

B) WAARHEEN MOET DIE EVANGELIE UITGEDRA WORD?

C) WAT GAAN DIE REAKSIE WEES OP EVANGELIE VERKONDIGING?

D) WIE SAL DIE EVANGELIE VERKONDIG?

E) VOORSPOED EN TEËSPOED

F) WAARSKUWING MET BETREKKING TOT EVANGELIE VERKONDIGING.

A) KONSEKWENTHEID EN BETEKENIS VAN NUWE TESTAMENTIESE UITSPRAKE EN OPTREDES.

Ander uitsprake of opgragte wat verwant is aan Matt.28:19: Markus doen so verslag: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom." (Markus 16:15).

Lukas rapporteer ..."en bekering en vergewing van sondes (Wetsoortreding) in SY NAAM verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder." (Luk.24:47b).

Matthéüs rapporteer van 'n ander geleentheid waar die MESSIAS beveel het: "Moenie gaan oppad na die heidene nie, en moenie gaan in die stad van die Sameritane nie, maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel" (Matt.10:5,6,7).

Wat het CHRISTUS oor HOMSELF in die verband gesê? "EK is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.....dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gooi nie." So berig Matthéüs sowel as Markus met betrekking tot die Kananése / siro- feniciese vrou wat

kom hulp afsmeek het. (Matt.15: 24,26; Mark.7:26,27). Tog help ons MESSIAS haar terwyl hy dit aan haar stel dat hy 'n besondere sending het met betrekking tot die kinders van Israel.

Het ons hier te doen met teenstrydige uitsprake en opdragte? Die apostel Petrus beveel aan dat ons 'n oplossing sal kry deur te kyk na wat die profete aandui. " Ons het die profetiese woord wat baie vas is waarop julle tog ag moet gee, soos 'n lamp wat op 'n donker plek skyn." (2Petr.1:19). CHRISTUS word deur Lukas gerapporteer waar HY gesê het : "Kyk ons gaan op na Jerusalem, en alles wat deur die profete geskrywe is, sal aan die SEUN van die mens vervul word". (Luk.18:34). Ook oor wat HY gesê het, bevestig CHRISTUS: "Dit is die woorde wat EK met julle gespreek het.....dat alles wat oor MY geskrywe is in die WET van Moses en die profete en die Psalms vervul moet word" (Luk.24:44). Vir die skrifgeleerdes se HY: "Julle ondersoek die SKRIFTE, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het, en dit is dié wat van MY getuig." (Joh.5:39). Aan die Emmaus gangers verduidelik HY soos geskrywe staan in Luk.24:27: "En HY het begin van Moses af en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die SKRIFTE dié dinge wat op HOM betrekking het."

Wanneer ons, ons wend tot die profete om lig te werp op die spessifieke vervulling van die vooruitskouings, herinner die apostel Petrus ons in 2Petr.1:20 dat "julle veral moet weet, dat geen profesie van die SKRIF 'n saak van eie uitleg is nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die HEILIGE GEES gedrywe, het die heilige mense van GOD gespreek." As ons dan in oënskou neem dat die aankondigings via die profete direk vanaf ons VADER of direk vanaf die SEUN kom, dan kan daar in geheel die SKRIF geen dubbel pratery wees nie en geen ruimte vir dubbel of weersprekende interpretasies wees nie. Die SKRIF is dus selfverklarend. So staan opgeteken in Jesaja 55: 11:..." so sal MY WOORD wees wat uit MY mond uitgaan, dit sal nie leeg na MY terug keer nie." "Kyk die vorige dinge het gekom, en nuwe dinge verkondig EK, voordat hulle uitspruit laat EK julle dit hoor." (Jes.42:9). Want EK, die HERE, EK sal spreek.....wat EK as WOORD spreek, dit sal gebeur." (Eseg.25a,28c). "EK, die HERE,die EERSTE,en by die LAASTE is EK dieselfde". (Jes.44:4c).

B.WAARHEEN MOET DIE EVANGELIE UITGEDRA WORD?
Die opdrag in die lig van die Profete: Waarheen moet gegaan word en hoekom? Ons VADER kondig aan: "Daar is MY KNEG, MY UITVERKORENE in WIE MY siel 'n welbehae het. EK het MY GEES op HOM gelê, HY sal die REG (WET) na die nasies uitbring. (Jes.42:1)... "EK gee U as 'n VERBOND van die volk, as 'n LIG van die nasies." (Jes.42:6). Die SEUN kondig aan deur die profeet: "En nou sê die HERE wat MY van moederskoot af geformeer het om SY KNEG te wees, om Jakob na HOM terug te bring en dat Israel by HOM versamel mag word. HY het gesê: “dit is te gering dat U MY KNEG sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes van Israel. EK het U gemaak tot 'n LIG van die nasies om MY heil (oorwinning) te wees tot aan die einde van die aarde." (Jes.49:5,6).

Daar kan dus geen twyfel wees nie! Die Evangelie van CHRISTUS moet aan die ganse skepping verkondig word. Hoekom? Omdat dit in die eerste plek 'n triomftog van GOD (JHWH) is wat die skepping sal oorspoel want ..."Alle dinge het deur HOM (die SEUN) ontstaan en sonder HOM het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In HOM was lewe, en die lewe was die LIG van die mense. En die LIG skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie." (Joh.1:3,4,5). Ons MESSIAS bevestig:" Ek is die LIG van die wêreld (vir die nasies), wie MY volg sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie maar sal die LIG van die lewe hê."

Die verkondiging aan die ganse skepping bring opnuut die WET van GOD (JHWH) en bevestig die oorwinning oor die vloek van WETsoortreding deur die geregtigheid van CHRISTUS wat beskikbaar sal wees aan almal wat SY NAAM in waarheid sal aanroep. "Die HERE het SY ARM ontbloot voor die oë van al die nasies en al die eindes van die aarde sal sien die heil (oorwinning) van onse GOD." (Jes.52:10). Koning Dawid skryf: "Vertel onder die nasies SY eer, onder al die volke SY wonders." (1 KRON.16:24). VADER kondig aan: "EK sal die REG (WET) tot 'n riglyn maak en die GEREGRIGHEID (die REMEDIE vir WETsoortreding) tot 'n skietloot." (Jes.28:17).

C. WAT GAAN DIE REAKSIE WEES OP EVANGELIE VERKONDIGING?
Daar sal egter gedifferensieerde resultate voortspruit vanuit die wêreldwye verkondiging van die Evangelie. Ons MESSIAS sit dit uiteen in die gelykenis van die saaier. Op sommiges sal die Evangelie geen indruk maak nie, op andere sal dit maar net 'n oppervlakkige en tydelike invloed hê en op sekeres sal dit 'n diepgaande permanente lewensveranderende impak hê (Matt.13: 1-25); Mark.4:1-20; Luk.8:4-15). Daar sal nie net sëeninge voortspruit uit die Evangelie verkondiging nie: "Kyk ek hou julle vandag seën en vloek voor--die seën as julle luister na die gebooie----en die vloek as julle nie luister na die gebooie van die HERE julle GOD nie" (Deut.11:26-28). "Kyk EK lê in Sion 'n STEEN van aanstoot en 'n ROTS van struikeling en elkeen wat in HOM glo sal nie beskaamd staan nie." (Jes.8:14;28:16).

Petrus lewer kommentaar hierop:..." vir die wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die WOORD ongehoorsaam is, waarvoor hulle bestem is." (1Petr.2:8). Wie dus die WOORD blywend gaan bewaar en wie nie, is vooraf daartoe verordineer deur GOD.

Vir die skrifgeleerdes en die Fariseërs sê CHRISTUS onomwonde: "Julle het SY WOORD (VADER se WOORD) nie as iets blywends in julle nie". (Joh.5:38). HY tipeer hulle as slange en addergeslag. (Matt.23:33). HY gee egter die versekering: "Voorwaar EK sê vir julle, wie MY WOORD hoor en HOM glo wat MY gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie..." (Matt.5:24). Daar sal egter ook groot verdeeldheid plaasvind.

"En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en kinders sal teen die ouers opstaan en hulle dood maak." (Mark.13:12).

Maar "die Evangelie moet eers aan die wêreld verkondig word tot 'n getuienis vir (teen ??) al die nasies." (Matt.24:14). Want ons MESSIAS sê " As EK nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie (sou hulle nie onder die WET ge-oordeel kon word nie); maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde (WETsoortreding) nie." (Joh.15:22).

Daar sal ook op die verkondiging van die Evangelie wêreldwyd reaksie wees waar die mensdom hulle sal klee as volgelinge van ons MESSIAS. Daar sal 'n christen industrie ontstaan.

Maar hulle sal aan hul "vrugte" geken kan word. "Nie elkeen wat vir MY sê HERE HERE sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie. Baie sal daardie dag vir MY sê: HERE, HERE het ons nie in U NAAM geprofeteer en in U NAAM duiwels uitgedryf nie en in U NAAM baie kragte gedoen nie? Dan sal EK aan hulle sê: EK het julle nooit geken nie! Gaan weg van MY julle wat die ongeregtigheid werk. Pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is." (Matt.7:15 - 23). "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." (Mark.13:22). "Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie". (Luk.13:24 - 27). Ons MESSIAS het hierdie reaksie wat sou voortspruit vanuit die wêreldwye verkondiging van die Evangelie ook in die volgende gelykenis voorgehou: "Die koninkryk van die hemel is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; maar terwyl die mense slaap het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook. En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? En hy antwoord hulle: ‘nVyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaar maak? Maar hy antwoord hulle: Nee dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaar maak die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saamgroei tot die oestyd toe..... (Matt.13:24 - 30). Hierdie onkruid sal saam met die bekeerdes gereken word maar kan nie die GEES van die waarheid ontvang nie....(Joh.14:17a).

Ons sien 'n verdere doel en gevolg van Evangelie verkondiging in die ganse SKRIF." Hoor die WOORD van die HERE, o nasies en verkondig in die kuslande wat vêr is, en sê: HY wat Israel verstrooi het, sal hom weer vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde". (Jer.31:10). Na SY koms bevestig ons MESSIAS weer: "EK is die goeie HERDER en EK ken MY eie en word deur MY eie geken." (Joh.10:14). So het VADER ook vooruit aangekondig via die profeet Esegiël: "EK sal na MY skape vra en vir hulle sorg. En EK sal een enkele HERDER oor hulle verwek en HY sal hulle laat wei, naamlik MY KNEG DAWID..... Hy sal vir hulle 'n HERDER wees. (Eseg.34:11,23). "EK gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het...." (Eseg.37:21). Vooruit word die Evangelie verkondiging via die profeet bekend gemaak: "En HY (CHRISTUS) sal 'n

banier ophef (die Evangelie) vir die nasies in die vêrte en HY fluit vir dié volk daar aan die einde van die aarde en kyk gou en haastig kom hulle. So sal die losgekooptes van die HERE teruggaan en na Sion kom met gejubbel." (Jes.52:11). "Maar nou sê die HERE, jou SKEPPER en jou formeerder, o Israel, wees nie bevrees nie want EK het jou verlos, EK het jou by jou naam geroep, jy is MYNE." (Jes.43:1). Die apostel Petrus bevestig vir hulle aan wie hy die Evangelie verkondig: "Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle terug gekeer na die HERDER en OPSIENER van julle siele." (1Petr.2:25).

Ons MESSIAS wys daarop: "Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur GOD geleer wees (Jes.54:13). Elkeen wat dit van die VADER gehoor en geleer het kom na MY toe." (Joh. 6:45). Dis vooruit bekend gemaak: "Vir 'n klein oomblik het EK jou verlaat (in verstrooiing) maar met groot ontferminge sal EK jou vergader.....My goedertierenheid sal van jou nie wyk nie en MY vrede Verbond nie wankel nie. Kyk EK lê jou stene en EK grondves jou in saffiere". (Jes.54:7,10,11). So roep ons MESSIAS via die profeet tot SY volk Israel: "Almal wat dors het, kom na die waters.....kom koop sonder geld..." (Jes.55:1). En deur die profeet Jeremia waarsku HY:..." wie van MY afwyk het die HERE, die fontein van die lewende water, verlaat. (Jer.17:13). Na SY koms bevestig CHRISTUS weereens: " ...elkeen wat drink van die water wat EK hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie." (Joh.4:14). Dit dui daarop dat hulle die WOORD blywend in hulle sal hê. "As julle in MY WOORD bly is julle waarlik MY dissipels." (Joh.8:31).

Maar die grootste deel van die fisiese geslag van Israel sal onbekend en ongered in die verstrooiing bly. So waarsku die HERE deur die profeet Amos met betrekking tot die herversameling van die huis van Israel: "Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie. Al die sondaars van MY volk sal deur die swaard (vleesgeworde WOORD as twee snydende swaard) sterwe. (Amos 9:9). Die SEUN het ook deur die profeet vooruit vir die volk gewaarsku: en na SY koms presies SY waarskuwing herhaal (verwysend na wat HY voorheen bekend gemaak het): "Gaan sê aan hierdie volk: hoor altyd deur maar verstaan nie, en sien altyd deur maar bemerk nie." (Jes.6:9,10). "HY (VADER) het (sal) hul oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met hulle oë sien en met hulle hart verstaan, en hulle bekeer en EK hulle genees nie." (Joh.12:40). As gevolg hiervan sal daar groot verdeeldheid onder die volk wees op die verkondiging van die Evangelie sodat selfs huisgesinne van die volk tweedrag sal ervaar. Dit is vooruit gesê via Miga. (Miga 7:6) en weer bevestig deur ons MESSIAS (Luk.12:53; Matt.10:34 - 38). En elke volksgenoot sal voor 'n keuse te staan kom :"Wie vader of moeder bo MY lief het, is MY nie waardig nie; en wie seun of dogter bo MY lief het, is MY nie waardig nie." (Matt.10:37).

Daar kan dus in die lig van die profete bevestig word dat daar geen teenstrydigheid bestaan in die MESSIAS se opdragte nie maar dat dit aanvullend tot mekaar is. Daar kan geen twyfel bestaan dat die Evangelie aan die ganse mensdom verkondig moet word nie. Daar kan ook geen twyfel

bestaan dat 'n oorblyfsel van die verstrooide Israel in gehoorsaamheid deur bekering op Evangelie verkondiging fisies versamel gaan word nie.

Die vraag word gevra, waarom word Israel en Juda uitgesonder as primere teiken in die verkondiging van die Evangelie van CHRISTUS? Die SKRIF gee hierop die volgende antwoorde:

a) Die optrede van die verstrooide Isaeliete het by die heidenvolke waarheen hul getrek het, 'n minagting laat ontstaan vir die enig lewende en almagtige GOD van Israel. VADER spreek deur die profeet Esegiel: "En toe hulle by die nasies kom waarheen hulle getrek het, het hulle MY heilige NAAM ontheilig, deurdat van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk van die HERE, en hulle moes uit SY land uittrek. Toe het dit MY ter harte gegaan om MY heilige NAAM ontwil.....daarom sê vir die huis van Israel: EK doen dit nie om julle ontwil nie... maar terwille van MY heilige NAAM..... En EK sal MY grote NAAM heilig.....en die nasies sal weet dat EK die HERE is....as EK MY in julle voor hulle oë as die HEILIGE laat ken. (Eseg.36:20- 23; Jes.43:25: 48:1; Ps.106:8; Deut.9:56).

b) Omdat die HERE (JHWH) 'n eksklusiewe Verbond gesluit het met hierdie volk en omdat daar aan die volk onderneem is dat daar voortspruitend uit hierdie Verbond 'n nuwe en beter Verbond met hulle totstand sal kom. "Kyk daar kom dae dat EK met die huis van Israel en die huis van Juda 'n NUWE VERBOND sal sluit (Jer.31:31). "EK wil met julle 'n ewige VERBOND sluit (naamlik): die bestendige genade bewyse van DAWID (CHRISTUS)". (Jes.55:3b). Ons VADER spreek tot die SEUN soos deur die profeet oorgedra: "EK ...gee U as 'n VERBOND van die volk..." (Jes.49:8c).

"Terwille van die oortredinge van MY volk was die plaag (straf van sonde skuld) op HOM. "(Jes.53:8c). Ons VADER spreek tot die SEUN soos bekend gemaak via die profeet: "EK...gee U as 'n VERBOND van die volk en as 'n LIG van die nasies.." (Jes.42:). Want " 'n WET sal van MY uitgaan en ek sal MY REG (GEREGTIGHEID) vasstel as 'n LIG van die volke..". (Jes.51:4b). Na SY koms bevestig die SEUN : "EK lê MY lewe af vir MY skape..." (Joh.10:15). HY bevestig dan ook by die laaste Pasga dat dit HY is wat gekom het as NUWE VERBOND vir die volk: "...en nadat HY gedank het gee HY dit (die beker met die wyn) aan hulle en sê : drink almal daaruit. Want dit is MY bloed, die bloed van die NUWE TESTAMENT (VERBOND) wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes (wetsoortreding)." (Matt.26:27,28).

c)'n Verdere belofte wat deel sou wees van die NUWE VERBOND is dat die kinders van die HERE (JHWH) 'n hartsverandering sal ondergaan sodat hulle van nature sal ywer om in die WEG van die HERE (JHWH) hul lewens te klee. Hul gewete sal dus opgeskerp word: " EK gee MY WET in hul binneste en skrywe dit op hulle hart, en EK sal vir hulle 'n GOD wees en hulle sal vir MY 'n volk wees." (Jer.31:33). Die WOORD sal dus blywend in hulle wees.

Toe Simeon, gedring deur die HEILIGE GEES, ons Messias as baba in sy arms geneem het was hy verheug: Ek het "U Heil gesien wat U berei het voor die oe" van al die volke.....'n LIG tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van U volk Israel." (Luk.2:30 - 32). Voor die verstrooiing maak die HERE (JHWH) deur die profeet Hoséa m.b.t. Israel en Juda bekend dat met die herversameling (in die periode van die NUWE VERBOND)..."in plaas dat van hulle gesê word: julle is nie MY volk nie.....sal aan hulle gesê word : Julle is kinders van die lewende GOD (Hos.1:10). "Wanneer die apostel Johannes die Evangelie van CHRISTUS verkondig bevestig hy die GODspraak via Hoséa: "Kyk wat 'n groot liefde die VADER aan ons bewys het, dat ons kinders van GOD genoem kan word". (1Joh.3:1). En "Geliefdes, nou is ons kinders van GOD..." (1Joh.1:2a).

En met bertekking tot CHRISTUS (as NUWE VERBOND) se die apostel: "Maar almal wat HOM aangeneem het, aan hulle het HY mag gegee om kinders van GOD te word...." (Joh.1:12). Die SEUN beloof dat met die herversameling van Israel en Juda ná SY koms na SY eiendom: "En EK sal MY met jou verloof tot in ewigheid....." (Hos.2:18a). Aan die apostel Johannes deel ons MESSIAS deur die Openbaring as volg mee: "Ek, JESUS, het MY engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. EK IS die wortel en die geslag van Dawid, die blink MORESTER. En die GEES en die bruid sê: Kom! (Openb.22:16,17a).

In Hebr.2:10 - 17 staan opgeteken: "Want dit het HOM betaam, ter wille van WIE alle dinge en deur wie alle dinge is, as HY baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak. Want HY wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word is almal uit EEN; om hierdie rede skaam HY HOM nie om hulle broeders te noem nie, wanneer hy sê: EK sal U NAAM aan MY broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal EK U prys; hier is EK en die kinders wat GOD MY gegee het. (Ps.22:23; JES.8:18; Joh.17:2; Joh.17:6; Hebr.2:12). Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het HY dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat HY deur die dood hom tot niet kon maak wat die mag oor die dood het, dit is die duiwel. Want waarlik HY bekommer HOM oor die geslag van Abraham." Volgens die belofte van die NUWE VERBOND wat aan Israel en Juda voorgehou was, is die Levietiese orde beëindig en het CHRISTUS met eedswering deur die VADER, Priester geword wat aan HOM gesê het: "Die HERE het gesweer en dit sal HOM nie berou nie: U is PRIESTER vir ewig volgens die orde van Melgisédek, in sover het JESUS van 'n beter VERBOND BORG geword. (Hebr.7:21;22). Maar so het HY 'n voortefliker bediening verkry vir sover HY ook MIDDELAAR (HOË PRIESTER) is van 'n beter VERBOND wat op beter beloftes wettelik gegrond is (Hebr.8:6).

d) Die verdere praktiese gevolg van Evangelie verkondiging is dat die verstrooide kinders van Israel en die kinders van Juda fisies verenig sal word. Hierdie versekering bestaan onder andere omdat onomwonde beklemtoon word dat met hierdie fisiese nageslag van GOD (JHWH) se

eiendomsvolk bemoeienis gemaak sal word vir solank as wat die verordeninge van die maan en die sterre sal bestaan. "As hierdie verordeninge voor MY aangesig sal wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor MY aangesig vir altyd (Jer.31:35,36). "En EK sal die huis van Juda sterk maak en aan die huis van Josef hulp verleen en aan hulle 'n woonplek (lande en gemeentes) aanwys, want EK ontferm MY oor hulle, en hulle sal wees asof EK hulle nie verwerp het nie...(Sag.10:6). Ons VADER kondig via Jesaja met betrekking tot die koms van die MESSIAS en Evangelie verkondiging, soos volg aan: "En HY sal 'n banier ophef vir die nasies (die Evangelie) en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is uit die vier hoeke van die aarde. Dan sal die naywer van Efraim verdwyn....Efraim sal Juda nie beny nie en Juda sal Efraim nie benoud maak nie " (Jes.11:12;13). Die MESSIAS bevestig aan die Judeërs: "EK het nog ander skape wat nie aan hierdie stal (Juda) behoort nie. EK moet hulle ook lei en hulle sal na MY stem luister, en dit sal wees een kudde (Juda plus Efraim), en een HERDER" (Joh.10:16). "In die tyd, spreek die HERE, sal EK vir al die geslagte van Israel 'n GOD wees en hulle sal vir MY 'n volk wees." (Jer.31:1). "Kyk die HERE laat dit hoor tot by die einde van die aarde (verkondiging van Evangelie): sê aan die dogter van Sion: kyk jou Heil kom, kyk SY loon is by HOM, SY beloning (hulle wat SY NAAM sal bely) is voor SY aangesig. En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die HERE" (Jes.62:11,12).

Die profeet Esegiël moes twee stukke hout neem.....een vir Juda en een vir Efraim, en simbolies aan mekaar voeg voor die volk en verduidelik wat die HERE (JHWH) sê: "EK sal hul een volk maak en een KONING sal vir hulle almal KONING wees.....MY KNEG DAWID sal KONING oor hulle wees, en hulle sal almal een HERDER hê.....en hulle sal in MY verordeninge wandel en MY insettinge onderhou en daarna handel" (Eseg.37:16-24). "En al jou kinders sal deur GOD geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees." (Jes.54:13). Die MESSIAS kom bevestig dat die profeet met betrekking tot HOM gespreek het: "Dit is geskrywe deur die profete: En hulle (Israel) sal almal deur GOD geleer wees. Elkeen dan wat dit van die VADER gehoor het en geleer het, kom na MY toe." (Joh.6:45).

Aan die vreemdelinge van die verstrooiing skryf apostel Petrus, aan hulle wat uitverkore is volgens die voorkennis van GOD die VADER (1Petr.1:2): "Laat julle ook soos lewende stene opbou tot 'n geestelike huis.." (1Petr.4:5). Op Pinksterdag spreek Petrus die teenwoordige Judeërs en besoekers toe: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders (verwysend na Jes.54:13) en almal wat daar vêr (verstrooi) is, die wat die HERE onse GOD na HOM sal roep ". (Hand.2:39). "Want HY is ons vrede, HY wat alby (Juda en Efraim) een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het. (Ef.2:13,14), (verwysend na Joh.10:16. "Ek het nog ander skape.." ..asook na Jes.56:8... "..die Here HERE wat versamel diegene wat van Israel verdryf is, spreek: Ek sal by HOM nog meer versamel, by SY versameldes."). So deel die apostel

Johannes ons die betekenis mee van Kajefas se profesie wat hy onwetend uitgespreek het, nl. "..dat dit vir ons voordelig is dat een MAN vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie". Johannes sê dat dit beteken dat JESUS vir die volk (Juda) sou sterwe. En nie alleen vir die volk (Juda) nie maar om die verstrooide kinders van GOD (Efraim en Juda) tot 'n eenheid saam te voeg (Joh.11:50-52). "En EK sal een enkele HERDER oor hulle (Efraim en Juda) verwek, en HY sal hulle laat wei, naamlik MY KNEG DAWID...En EK, die HERE, EK sal vir hulle 'n GOD wees, en MY KNEG DAWID 'n vors in hulle midde" (Eseg.34:22 - 24).

D. WIE SAL DIE EVANGELIE VERKONDIG?

Dit word ondubbelsinnig in die SKRIF bekend gemaak dat die Evangelie van CHRISTUS deur die geredde oorblyfsel van die versamelde Israel die wêreld met blydskap en volharding ingedra sal word. VADER maak via Jesaja vooraf bekend: "Die volk wat EK vir MY geformeer het, hulle sal MY lof verkondig" (Jes.43:21). Ons MESSIAS laat weet vooraf: "O, Sion, verkondiger van goeie boodskap (Evangelie).....hef jou stem op met mag ..... sê vir die stede van Juda (waar HY sy prediking sou doen en SY OFFER sou bring): Hier is julle GOD." (Jes.40:9). "En julle sal in die dag (met die koms van die MESSIAS) sê: dank die HERE, roep SY NAAM aan, maak SY dade onder die volke bekend (Evangelie verkondiging), verkondig dat SY NAAM hoog is." (Jes.12:4). "En die nasies sal weet dat EK, die HERE is wat Israel heilig (bekeer en versamel) as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees." (Eseg.37:28).

Met betrekking tot die beloofde NUWE VERBOND waarin die wysheid van die WOORD in die harte van die bekeerdes geskryf sal word, sê die HERE: "...dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge (reg en geregtigheid) sal hoor...." (Deut.4:6). Ons MESSIAS verkondig : "Hier is EK en die kinders wat die HERE MY gegee het ..... tot tekens en sinnebeelde (draers van die BEELD) is ons in Israel, (oor die wat U MY gegee het het EK gewaak .... Joh.17:12b ... EK het U NAAM aan hulle bekend gemaak ... Joh.17:2a) vanwee" die HERE van die leërskare wat op die berg Sion woon." (Jes.8:18; Hebr.2:13).

Vir die NUWE VERBONDSBEDELING word vooruit deur VADER bekend gemaak aan Israel: "Julle sal priesters van die HERE genoem word" (Jes.61:6).

Almal wat hulle sien sal hulle daarvoor aansien dat hulle die geslag is wat die HERE geseën het. (Jes.69:9) Ten uitvoering van die vooruitskouing via Jesaja bevestig apostel Petrus aan die bekeerlinge in die verstrooiing: "Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom (in die orde van Melgidédek), 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van HOM (uitdra van die Evangelie) wat julle uit die duisternis geroep het tot SY wonderbare LIG. (1Petr.2:9). "EK is die LIG van die wêreld (nasies) wie MY volg sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie .... (Joh.8:12). Ons MESSIAS maak aan die bekeerde Judeërs bekend: "Julle is

die lig van die wêreld (draers van die Evangelie). (Matt.5:14a). Hiermee het die MESSIAS bevestig wat HY via Jesaja vooruit aan die vaders van die volk bekend gemaak het: "Staan op, word verlig; want jou LIG kom en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op. Want kyk die duisternis sal die aarde oordek en die donkerheid die volke (...dit is die oordeel dat die LIG in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die LIG .... Joh.2:19) maar oor jou sal die HERE opgaan en SY heerlikheid sal oor jou gesien word. En nasies sal trek na jou lig ... (Jes.60:1 - 3).

Die bekeerde Israeliet sal deur die GEES gedring word om die Evangelie te verkondig. "As EK hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande ..... sal EK MY as die Heilige laat ken voor die oë van baie nasies" (Eseg.39:27). En m.b.t. die koms van MESSIAS word vooraf aangekondig: "...in die dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei...." (Sag.14:8). Die MESSIAS verwys na hierdie vooruitskouing aan die vaders van die volk: "Hy wat in MY glo, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." (Joh.7:38). "...elkeen wat drink van die water wat EK hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat EK hom sal gee sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." (Joh.4:14). Met betrekking tot die verwagte sukses van Evangelie verkondiging wat sal kom, maak die MESSIAS via Jesaja reeds aan die volk bekend: "EK skep die vrug van die lippe; vrede vir die wat vêr (verstrooi) is en die wat naby is (in Judea sal wees), sê die HERE. (Jes.57:19). Die profeet Hoséa spreek namens die toekomstige bekeerdes: "...dan sal ons as offerdiere ons lippe aanbied." (Hos.14:3).

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs vervul genoemde profesie: "Laat ons dan gedurig deur HOM aan GOD 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat SY NAAM bely. (Hebr.13:15). Ons MESSIAS kondig ook met betrekking tot SY toekomstige versameldes ten suide van Afrika: "Oorkant die riviere van Kus vandaan sal MY aanbidders, MY verstrooide gemeente, MY offerhande (Evangelie verkondiging) bring. (Sef.3:10).

'n Wêreldwye reaksie wat gaan plaasvind as gevolg van Evangelie verkondiging is die oprigting van die Huis van DAWID: "...sodat hulle in besit kan neem ...al die nasies oor wie MY NAAM uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen. (Amos 9:11,12). "Simeon het vertel hoe GOD aan die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir SY NAAM aan te neem". Hy vewys na die aankondiging deur die profete wat vir ons die betekenis hiervan gee, nl. "daarna sal EK (CHRISTUS) terug kom en die vervalle hut van Dawid weer oprig ..... sodat die oorblyfsel van die mense (verstrooides as vervalle hut) die HERE kan soek, en al die nasies oor wie MY NAAM uitgeroep is..." (Hand.15:14 - 17). In die praktyk kom dit daarop neer dat daar lande sal wees wat deur gelowige Israeliete regeer sal word. Hierdie nasies sal die status van skaapnasies toegesê word omdat die HERE in SY almag as oppergesag erken sal word en die volkshuishoudings in SY weë regeer sal word en sal funksioneer. Ons MESSIAS het vooruit deur die profeet bekend gemaak: "En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees." (Jes.54:13). Na SY koms het HY weer verwys daarna: "En hulle sal almal deur GOD geleer

wees..." (Joh.6:44,45). "Maar wanneer HY gekom het, die GEES van die WAARHEID, sal HY julle in die hele waarheid lei." (Joh.16:13a).

Menslik ge-oordeel is daar geen regering ter wêreld waarvan die nasie as skaapnasie getipeer kan word nie. Tog is 'n oorblyfsel van die Geloftevolk in Suid-Afrika in afwagting dat haar volksgenote sal terugkeer tot die HERE (JHWH) en hul Volksverbonde met hul GOD in ere sal herstel.

Hierdie Geloftevolk is dan ook in afwagting in vervulling van die profesie in Sefanja 3, dat haar lot deur ingryping van die HERE (JHWH) verander sal word. Met betrekking tot die Amerikaanse volk het 'n vroeëre president, George Washington,verklaar: "It is impossible to rightly govern the world without GOD and the BIBLE." (The signature of God/Grant R.Jeffrey).

E. VOORSPOED EN TEËSPOED. JESUS maak bekend: "Tot 'n oordeel het EK in die wêreld gekom ..." (Joh.9:39a). Vroeg reeds kondig VADER aan: "'n Profeet (CHRISTUS) sal EK vir julle verwek uit die midde van julle broers ..... en die man wat nie luister na MY WOORDE wat HY in MY NAAM spreek nie van hom sal EK self rekenskap eis". (Deut.18:19,19). Die MESSIAS bevestig: "Want EK het nie uit MYSELF gespreek nie, maar die VADER wat my gestuur het, HY het MY 'n gebod gegee wat EK moet sê en wat EK moet spreek." (Joh.12:49).

" En wanneer die SEUN van die mens (weer) kom sal HY voor HOM al die nasies versamel en van mekaar afskei soos 'n herder die skape van die bokke afskei ... skape aan SY regter hand en bokke aan SY linker hand. Dan sal die KONING vir die aan SY regter hand sê: kom julle geseëndes van MY VADER, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die aarde af. Dan sal HY ook vir die aan SY linkerhand sê, gaan weg van MY julle vervloektes." (Matt.25:31 - 46). Maar ook wat individuele skape betref: "EK sal oordeel tussen skape en skape" (Eseg.34:17). "Want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie". (Rom.9:6b). "Want die skepping (wat oral die Evangelie sal verneem) wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van GOD". (Rom.8:19).

F. WAARSKUWING MET BETREKKING TOT EVANGELIE VERKONDIGING. Ons MESSIAS waarsku dat die verkondigers van die Evangelie nie altyd op die hande gedra sal word nie: "....Daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan GOD bewys." (Joh.16:2). "Maar pas op vir die mense.Hulle sal julle oorlewer aan regbanke ..... (Matt.10:17; Mark.13:9; Luk.12:11). Moenie mense soebat om die Evangelie te aanvaar nie."Maar watter stad julle ook mag ingaan, en hulle julle nie ontvang nie, gaan uit op die strate en sê: Selfs die stof wat uit julle stad aan ons kleef vee ons vir julle af maar tog moet julle weet dat die koninkryk van GOD naby julle gekom het." (Luk.10:10,11). Ons MESSIAS bevestig: "As ek nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde nie." (Joh.1vyf:22). Dan bid ons MESSIAS tot VADER: "EK bid nie vir hulle alleen nie (draers van die

Evangelie), maar ook vir die wat deur hulle woord in MY sal glo". (Joh.17:20).

Ons MESSIAS waarsku ook die verkondigers van die Evangelie dat hul moeite in seker gevalle tevergeefs sal wees. Hy vertel die gelykenis wat die koninkryk van die hemele uitbeeld as 'n pêrel. (Matt.13:45,46). Dan waarsku HY: "Moenie wat heilig is vir die honde gee nie en gooi nie die pêrels voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie." (Matt.7:6). Wat Evangelie verkondiging en broederlike geloofsvertroue betref moet met omsigtigheid met die volgende nasies omgegaan word, nl. die Arabiere (Jes.49:32), die Edomiete (Eseg.35:13,14) en die Kussiete (Sef.2:12).

Die praktyk waarteen ons MESSIAS waarsku in Matt.7:6 het in Suid Afrika in volle vervulling gegaan. In 1881 is die selfstandige NG Sendingkerk gestig. (Ons bou 'n nasie, p19).Honderd jaar later in 1986 draai hierdie sendingkerk om en vertrap die kosbare pêrel deur die Evangelie van CHRISTUS te verwring tot 'n bevrydings teologie waarin aan die mens die sentrale verheerliking gewy word om sydig met die GOD lonende kommunisme onrus te stook. Die lewensontsienende opstand wat gestook moes word was om die draers van die Evangelie (christen gelowige blankes) wat die kosbare pêrel in hul midde gestel het, te verskeur. Die leier het dit so opgesom: "What is needed is divine love expressed by black power, which is the power of black people to destroy their opressors (blankes), here and now, by any means at their disposal" (Liberation Theology ,pp49). Hierdie aanstigter sit nou in 'n leerstoel waar NG predikante opgelei word wat die WOORD aan ons volk moet uitdra. Daar by die fontein waaruit die helder water van die suiwer Evangelie moet vloei, word die bron nou met modder pote troebel getrap. (Eseg.34:18,19).